**No. 1789** **17 Augustus 1984**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM, MET INBEGRIP VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERKGEBOU DAAROP, GELEË IN VAN RIEBEECKSTRAAT, KESTELL, DISTRIK BETHLEHEM

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met inbegrip van die Nederduits Gereformeerde Kerkgebou daarop, geleë in Van Riebeeckstraat, Kestell, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom, met inbegrip van die Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou daarop, synde Erf 144, geleë in die dorp Kestell, distrik Bethlehem, en groot eenhonderd drie-en-veertig (143) vierkante roede en drie-en-dertig (33) vierkante voet.

Transportakte 25962/1909, gedateer 13 Februarie 1909 (paragraaf 6).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie indrukwekkende sandsteenkerk met sy Bizantynse en neoklassieke elemente, is deur die bekende argitek Gerhard Moerdyk ontwerp en deur die boukontrakteur F. Barker opgerig. Dié kerk, wat een van die grootste klipkerke in Suid-Afrika is, is op 31 Maart 1928 amptelik ingewy. 10/2/1124.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasional Opvoeding.

**No. 1789** **17 August 1984**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY, INCLUSIVE OF THE NEDERDUITS GEREFORMEERDE CHURCH BUILDING THEREON, SITUATED IN VAN RIEBEECK STREET, KESTELL, DISTRICT OF BETHLEHEM

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property, inclusive of the Nederduits Gereformeerde Church building thereon, situated in Van Riebeeck Street, Kestell, to be a national monument.

*Description*

The property, inclusive of the Nederduits Gereformeerde Church building thereon, being Erf 144, situate in the Village of Kestell, District of Bethlehem, in extent one hundred and forty-three (143) square roods and thirty-three (33) square feet.

Deed of Transfer 25962/1909, dated 13 February 1909 (paragraph 6).

*Historical and architectural interest*

This impressive sandstone church with its Byzantine and neoclassical elements was designed by the well-known architect Gerhard Moerdyk and erected by the builder F. Barker. This church, which is one of the largest stone churches in South Africa, was officially inaugurated on 31 March 1928. 10/2/1124.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

16